

2 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 22:1-5

Fokusgedeelte: 1 Samuel 22:5

God roep jou na die arena

Teen Goliat was Dawid in die gevegsarena, daar waar die dinge gebeur. Hy was dus op die voorpunt van die gebeure van sy tyd. Dit het met sy roeping ooreengestem. God het Dawid as leier van sy volk bestem. God het hom geroep om 'n aktiewe rol in die arena van Israel se politiek en godsdiens te speel, maar nou kruip Dawid oral in die buiteland weg. In sy eie land is hy geen faktor om mee rekening te hou nie. Eers het hy ooswaarts na die Filistyne gevlug en nou weer weswaarts na die Moabiete. Moab is bergwêreld. In een van die onherbergsame bergvestings waar Dawid skuiling soek, kry hy onverwags besoek. Die Here het die profeet Gat na hom gestuur met 'n boodskap: Dawid moet terugkeer na sy vaderland, Juda. Sy plig lê daar. God het hom daar nodig. Moses het ook gevlug en nagenoeg 55 jaar weggekruip. In die woestyn het hy geleef asof Israel nie bestaan het nie. Israel se ellende was nie sy ellende nie. Uiteindelik het God Moses geforseer om na die arena in Egipte terug te keer. So het God ook sy Seun na die aarde gestuur – na die arena waar die stryd teen die sonde, die bose en die dood uitgeveg moes word.

God het ons geroep om aktief deel te neem aan die koms van sy koninkryk. Jesus het ons die sout van die aarde en die lig vir die wêreld genoem (Matt 5:13-14). Geen mens steek 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie. Nee, jy plaas dit op 'n lampstaander sodat dit sy lig so effektief moontlik kan versprei. So moet ook ons lig tot verheerliking van God in die arena van hierdie wêreld skyn.

Sing: Skrifberyming 43:3 Ds AS Heystek (Akasia)